



REVIEWS / RESENSIES

- 195 Opmerkings oor die Versindaba en vyf nuwe bundels uit Protea Boekhuis
– **B. J. Odendaal**
- 210 A secret burden (Karen Batley), Lush (Haidee Kruger),
Against the light (Charl-Pierre Naudé) – **Marius Crous**
- 216 Can new histories be written objectively by old historians? – **Chris Walton**
- 222 Duino-elegieë (Rainer Maria Rilke, H. J. Pieterse) – **Stephan Mühr**
- 223 Vermaning (Lucas Malan) – **Zandra Bezuidenhout**
- 225 Môrester (Pamela Jooste) – **Jacomien van Niekerk**
- 227 'n Tapiserie met klein diere (Erika Murray-Theron) – **Jacomien van Niekerk**
- 228 Die son kom aan die seekant op (Jeanette Ferreira) – **Margaret Bakkes**
- 230 Onsigbaar (Deon Meyer) – **Andries Wessels**
- 232 Aan die ander kant (Hein Willemsse) – **Luc Renders**
- 237 The Sacred Door and Other Stories (Makuchi) – **Russell Kaschula**

B. J. Odendaal

B. J. Odendaal is 'n digter en mede-professor in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat.
E-pos: odenbj.hum@ufs.ac.za

Resensie-artikel

Opmerkings oor die Versindaba en vyf nuwe bundels uit Protea Boekhuis

Versindaba.

Marlise Joubert (samesteller). Pretoria: Protea Boekhuis. 2007. 73 pp. ISBN 978-1-86919-210-5.

Sloper.

Louis Esterhuizen. Pretoria: Protea Boekhuis. 2007. 93 pp. ISBN 978-1-86919-186-3.

passies en passasies.

Marlise Joubert. Pretoria: Protea Boekhuis. 2007. 128 pp. ISBN 978-1-86919-186-3.

Die afdruk van ons hande.

Cas Vos. Pretoria: Protea Boekhuis. 2007. 99 pp. ISBN 978-1-86919-177-1.

Sonskyf.

Trienke Laurie. Pretoria: Protea Boekhuis. 2007. 103pp. ISBN 978-1-86919-165-8.

1

Min Afrikaanse digters wat digbundels in 2007 die lig laat sien het, het nie van 6 tot 8 September tydens Versindaba 2007 op Stellenbosch opgetree nie.

T. T. Cloete (met *Heilige nuuskierigheid*) was byvoorbeeld nie daar nie, omdat sy gesondheid hom nie toegelaat het om die lang reis vanaf Potchefstroom te onderneem nie. Helena Conradie het toe uit sy poësie voorgelees. Breyten Breytenbach, wat in die buiteland woonagtig is, is deur Ampie Coetzee verteenwoordig. Laasgenoemde het 'n keur uit Breytenbach se *Die windoanger* voorgedra. Hoewel haar naam op die Versindaba 2007-program verskyn het, het 'n onverwagte besering ook verhoed dat Jeanne Goosen uit haar *Elders aan diens* kon voorlees. Nicole Holm het toe ingespring en dit namens haar gedoen. Ek noem ook nog Trienke Laurie en Johan Steyn wat nie op Stellenbosch was nie; hul bundels, onderskeidelik *Sonskyf* en *Geboorte is 'n ongerief* getiteld, het eers later in die jaar op die boekrakke verskyn.

Die vergelyking met die lys van optreders by die Versindaba word doelbewus gedoen om die toonaangewende (eintlik: toonweerspieëlende) rol wat dié geleentheid binne die bestek van drie jaar in die Afrikaanse poësieveld gaan speel het, te beklemtoon. Die digter Louis Esterhuizen, met die onmisbare (organisasoriese en finansiële) steun van Nicol Stassen, baas van Protea Boekhuis, het die indaba geloods as 'n jaarlikse geleentheid wat uitsluitlik op oorspronklike en vertaalde Afrikaanse

poësie fokus, asook selektief op die daarmee verwante liedkuns. Hulle het die bystand van Jannie Mouton as mede-hoofborg bekom, terwyl ook die Stellenbosse Woordfeeskantoor, Genugtig!- en LAPA-uitgewers, die Hiemstra Trust en Marlise Joubert (Esterhuizen se wederhelf en voormalige werknemer by Protea Boekhuis) se hulp bekom is om die onderneming te laat slaag.

En dié span kan reeds aansienlike suksesse aanteken.

Die voorlesings deur die digters of hul verteenwoordigers by die indaba gaan nou jaarliks gepaard met 'n hele aantal sang- en dramatiese voordragitems. Daar is ook 'n boekekiosk by die indaba, waar publikasies van al die Afrikaanse poësie-uitgewers te koop aangebied word. 'n Dana Mouton-gedenklesing word jaarliks gelewer as deel van die program. (In 2007 was Lina Spies die referent.) Die aankondiging van die Protea-pryswenner (die prystoekening gaan uitsluitlik vir oorspronklike Afrikaanse poësie) geskied op die laaste aand van die indaba. (In 2007 vir publikasies uit 2006 toegeken aan Antjie Krog vir *Verweerskrif*, ook die Ingrid Jonker-prys van die voormalige Afrikaanse Skrywersgilde is dieselfde aand oorhandig, naamlik aan Danie Marais vir *Uit die buitenste ruimte*.) Daar is ook begin met die aanbied van poësie-slypskole vir verskillende ervarendheidsgroepe, georganiseer deur die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit van Stellenbosch. Voorts vergesel die vrystelling van 'n bloemlesing, uitgegee deur Protea Boekhuis, telkens die geleentheid. Die uitgewersbrief wat die resensie-eksemplaar van *Versindaba 2007* vergesel het (die bloemlesing word hierna bespreek), verduidelik die opset van dié publikasie: "Die bloemlesing bevat gedigte van digters wat tans aktief is en van wie daar in 2006 en 2007 bundels verskyn. [Dit] bied 'n waardevolle oorsig van wat tans in die Afrikaanse digkuns gebeur."

Sulke "institusionele" suksesse weeg egter nie op teen die waarde wat die gebeurtenis het om digters, hul bundels en hul (bestaande en potensiële) lesers by mekaar uit te bring nie. Stassen verklaar in die "Voorwoord" tot *Versindaba 2007* dat die bywoning in 2005 en 2006 "almal se stoutste verwagtinge oortref [het]. Gedurende elke *Versindaba* was daar 'n groter opkoms as die gemiddelde oplaag van 'n Afrikaanse digbundel, of eintlik enige digbundel in enige taal ter wêreld."

Of die *Versindaba* 'n stimulerende uitwerking het op bundelverkope of op die kreatiwiteit van Afrikaanse digters, is nog te vroeg om te sê. Die feit dat slegs drie "opkomende digters" se werk in *Versindaba 2007* opgeneem kon word, is dalk ietwat ontmoedigend, soos byvoorbeeld Rachelle Greef in haar *Rapport*-resensie oor die bloemlesing aangestip het. Dié gebrek aan debutante kan natuurlik nie gewyt word aan die *Versindaba*-poging nie; intendeel.

Protea Boekhuis, uitgewer van al vyf die digversamelings wat hierna bespreek word, verdien dus 'n klop op die skouer vir wat op die Afrikaanse poësieterrein vermag is sedert 2000, toe dié uitgewer die eerste keer 'n Afrikaanse digbundel gepubliseer het in reaksie op die nypende tekort aan publikasiegeleenthede daarvoor aan

die einde van die negentien-negentigerjare (Odendaal 2006: 105–6; Stassen 2005: 9). Dat hierdie uitgewer voortstoegetree het tot die publikasie van vertaalde poësie uit en na Afrikaans, strek myns insiens bykomend tot sy eer. In 2007 het byvoorbeeld die uiters boeiende vertalings deur H. J. Pieterse van die Duitstalige Rainer Maria Rilke se *Duineser Elegien* (*Duino-elegieë*), asook deur Charl-Pierre Naudé van sy eie 2004-bundel *In die geheim van die nag* na Engels (titel: *Against the light*), by Protea verskyn.

2

Hoewel die “oorheersende rol” van gehalteoorwegings by Marlise Joubert se samestelling van *Versindaba 2006* erken is in die gepaardgaande uitgewersbrief, het Nicol Stassen as uitgewer al in die voorwoord tot dié tweede bloemlesing in die reeks beklemtoon dat nie ’n versameling “in die estetiese tradisie” beoog word nie, maar “’n deursnit of momentopname”; eintlik “’n meer omvangryke en genuanseerde beeld” van die Afrikaanse poësie gedurende ’n bepaalde jaar “as wat uit die verskyning van digbundels alleen afgelei kan word”.

Joubert het met die samestelling van *Versindaba 2007* weer kwaliteit as uitgangspunt geneem, maar tog ook “gepoog om ’n verskeidenheid temas en style aan te bied” (Protea Boekhuis 2007 – uitgewersbrief by die resensie-eksemplaar). Die meeste bydraes kom derhalwe van “digters van wie daar onlangs ’n bundel verskyn het, of binnekort ’n bundel gaan verskyn”. Soos die vorige kere is egter ook “ander bekende en belowende Afrikaanse digters” genooi om gedigte vir publikasie voor te lê.

Uit 7 van die 12 gebloemleesde “gevestigde digters” se penne het (oorspronklike of vertaalde) bundels in 2007 verskyn; die ander 5 het in 2006 digwerke die lig laat sien. Onder die “opkomende digters” was dit egter slegs Bernard Odendaal wat in 2007 met ’n eie debuutbundel vorendag gekom het, naamlik met *Onbedoelde land*.

Hoe lyk die “genuanseerde beeld” wat hierdie bloemlesing van die Afrikaanse poësie *anno 2007* bied?

Daar is myns insiens min wat waarlik nuut is. Tendense van die afgelope tien jaar en meer word voortgesit. Afrikaans klink byvoorbeeld in hierdie verse op in ’n verskeidenheid variëteite, naamlik as ’n uitvloeisel van die bestendige strewe na spreektaaligheid in die toonaangewende twintigste-eeuse Afrikaanse poësie, maar soos wat veral sedert die negentien-vyftiger- en -sestigerjare al duideliker waarneembaar geword het. (Kyk Odendaal 2006: 108–15.) In die meeste gevalle word Standaardafrikaans gebruik, maar ook Griekwa-Afrikaans (deur Hans du Plessis) en Kaapse Afrikaans (deur Willem Fransman jr.) kom voor.

Vaster vorme (by veral T. T. Cloete en Joan Hambidge) en vryer digsoorte (veral opvallend by Jeanne Goosen, Willem Fransman jr. en Bernard Odendaal) wissel mekaar af, soos ook meer liriese, selfs liedagtige werk (Hans du Plessis, Marlise Joubert, George Weideman) en meer vertellende of besinnende “praatverse” (Gilbert Gibson,

Dolf van Niekerk, M. M. Walters, Willem Fransman jr., Charlton Lee George en Bernard Odendaal).

Besonders is die insluiting van voorbeelde van vertaalde werk, naamlik die derde Duino-elegie van Rilke soos deur H. J. Pieterse vertaal (as onderdeel van die genoemde bundel *Duineser Elegien / Duino-elegieë*) en 'n klaaglied deur Cas Vos gebaseer op 'n fragment uit die Gilgamesj-epos, waarvan meer fragmentverwerkings verskyn in sy bundel *Die afdruk van ons hande*. Die frisse indruk wat dié vertalings/verwerkings maak is nie net 'n pluimpie vir Pieterse en Vos nie, maar ook 'n bewys van die belangrike verrykende invloed wat (goeie) vertalings in 'n doeltaalletterkunde kan hê. (H. P. van Coller se vertalings van 'n keur uit die verskuns van die Vlaming Luuk Gruwez, in 2007 uitgegee deur Praag onder die titel *Bandelose gedigte*, is ook in hierdie verband te noem.)

(Suid-)Afrikaanse identiteitsvraagstukke, politieke en maatskaplike toestande in Suid-Afrika, vrese oor die voortbestaan van Afrikaans, die reis- en swerfmotief, die uitbeelding van geweld en protes daarteen – dit is almal onderwerpe wat te berde kom in aansluiting by kwessies wat Afrikaanse digters al lank besig hou. En dan, natuurlik, is daar ook heelparty gedigte oor universele temas, byvoorbeeld die nuanse van interpersoonlike verhoudings, veral soos betref die liefde en die verlies daarvan; ook portretterings van geliefdes kom voor. Die steeds sterke stroom van religieuse Afrikaanse poësie word aangevul in die verse van T. T. Cloete en Hans du Plessis, terwyl M. M. Walters op sy kenmerkende wyse religieuse en kerklike aangeleenthede satiriseer.

Verblydend is die feit dat hoë kwaliteit digwerk byna deurgaans gehandhaaf word, wat die beeld van die huidige Afrikaanse digkuns tog weer lewenskragtig laat voorkom. Ook die meerderheid van die bundels wat hierna bespreek word, weerspieël hierdie positiewe toedrag van sake.

3

Sloper is die sewende digbundel van die Versindaba-inisieerder en -organiseerder Louis Esterhuizen. Syne is 'n oeuvre wat veral sedert *Die onderwaterweg* (1996) 'n sterk stygende lyn getoon het, en met *Opslagsomer* (2001), *Liefland* (2004) en nou *Sloper* 'n peil handhaaf wat respek afdwing.

Die oorheersende tema in laasgenoemde drie bundels is die (nuutgevonde, nuutmakende en singewende) liefde. Aanvanklik is dié liefde in erotiese en emosionele ekstase beleef, maar in *Sloper* versoer dit tot iets wat ook met dankbare agting en selfs beklemming bejeën word weens die verwagte (onvermydelike) verlies daarvan. Van die roerendste liefdesgedigte in die bundel is juis dié waarin die verganklikheids- en veredelingsbesef sterk meespeel, byvoorbeeld "Al slapende", "Lament", "Die knoop sonder tou", "Die verlies van tuin", "Ode aan die deur" en "Die weduwees".

Myns insiens vind die genoemde versobering ook op stilistiese vlak uitdrukking. 'n Belydende inslag is nog weldeeglik aanwesig, maar dit is tog asof daar 'n sterker element van objektivering intree: eerstens deur die nóg prominenter beelding, dié keer veral in terme van die huismetafoor (treffend aan bod gestel deur die voorbladfoto en die alleenstaande openingsgedig); tweedens deur die besinnende inslag van die derde afdeling, "Sloping van die geluk". Vergelyk in verband met beide strategieë die volgende grepe uit die gedig "Ode aan 'n huis":

Ook dít sal ons verloor –
die skemerlig van jou vertrekke
saans wanneer die dag greep

vervat [...]

[...]
en ons skuif

ons begeerte soos meubels
rond, versier die kaal kolle
in ons gesprek

met skildery en ornament, enigiets om die vermoede
te wek: hier is ons tuis,
teen dié verwisseling is ons
bestand.

Die betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse sosiaal-politieke aktualiteite, wat in byvoorbeeld *Liefland* so kragtig gemanifesteer het, is meer gedemp aanwesig in *Sloper*, hoofsaaklik in gedigte VII-IX van die afdeling "Langnagvure". Ander temas uit sy vorige bundels wat ook opvallend opduik, is dié van die problematiese vader-seunverhouding en die mislukte eerste huwelik – dus eintlik maar net ander manifestasies van die liefdesbeleving, sy dit dan van die skending daarvan.

Ná die verkenning van die huidige, geborge liefdeslewe in die afdeling "Sluiper", kies die digter 'n persona genaamd "Egbert" om, na aanleiding van aanmoedigende vrae deur die geliefde, selfonthullend te mymer oor die verlede in die afdeling "Langnagvure". Ervaringe en woonplekke uit die jeugjare; die mynersouerhuis en die meermaals gespanne verhoudinge daarbinne; jeugliefdes; belewenisse van die verteller as onderwyser; herinneringe aan 'n skeefgeloopte eerste huwelik – dit alles en nog meer kom ter sprake.

Dit behels in wese 'n poging om in die reine te kom met die eie, soms problematiese verlede en met die durende kwellinge daaromheen. In die besinnende derde

afdeling, "Die slooping van geluk", word dié proses verder voltrek. Daar word afgereken met gewilde sienings oor geluk as blote behoeftebevrediging, onder meer deur denkers uit verskillende tydperke aan te haal en te parafreseer (ongelukkig met die gevolg dat die liriese spanning in enkele verse ietwat verslap en daar plek-plek iets prosaïes intree). Ook word die versplinterdheid tussen byvoorbeeld goed en kwaad in die mens, asook sy ewige onvergenoegdheid in die kollig geplaas. Vergelyk onderskeidelik "Nie dat dit brand nie, maar dryf", "Daar is ook nog dié gewilde tekening" en "Die mens is 'n beleërde stad", en "Repos Ailleurs" in laasgenoemde verbande.

Om slegs 'n fisiese slooping (die onvermydelike liggaamlike veroudering en sterflikheid) gaan dit dus nie, maar ook om 'n emosionele en selfs intellektuele een – byvoorbeeld aangaande te hoë verwagtings vir die self en die mens in die algemeen. Vergelyk die volgende uit die ongetitelde slotvers van die derde afdeling:

[...] telkens weer die onthou

wat aan 'n chromosoom se intonasie
toevertrou is: die moeë stamboom

van oorsaak en gevolg, van 'n gees
oor water wat die atoom splits

in oomblikke van was
en wou wees.

Die strekking van die bundelgeheel is dus enersyds nogal pessimisties. Die konklusie waartoe blykens die twee gedigte in die slotafdeling, "Sluitstukke", gekom word, is dat die verlede, ook die gronde van die huidige geluk, wesenlik onverklaarbaar, onherwinbaar en derhalwe onbeheerbaar is. Tog, op die spoor van N. P. van Wyk Louw se "Groot ode", steek daar blykens die gedig "Veel liefliker is dit" iets manhaftigs en helends in die aanvaarding van

[...] hierdie oomblik
so sonder vraag

of verwynt[.]

Daardeur kan dit iets word wat 'n mens kan noem

[...] *vreugde*
terwyl die drif nog bestaan
vir die mens om ironies te wil leef

en die liefde steeds
te behou.

Esterhuizen is 'n gevoelvolle, liriese digter wat eerder van vryer versvorme en langer, meesleurende sinspatrone gebruik maak. 'n Beeld- of woordkeusetroebelheidjie hier en daar, asook enkele biografiese verhoudhede wat mistifiserend vir die leser mag wees, kom, soos in sy vorige bundels, wel voor. Tog word hierdie gedigte struktureel en stilisties grootliks geslaagd en treffend in bedwang gehou, veral vanweë Esterhuizen se beeldingskrag én die wyse waarop hy motiewe dwarsdeur die bundel vleg.

Die soms pynlike ontboesemings wat in *Sloper* gelewer word, gryp die leser derhalwe aan – dikwels ook weens hulle poëtiese gehalte.

4

Lyfsange (2001), die bundel waarmee Marlise Joubert na 'n digterlike swye van byna 15 jaar weer van haar laat hoor het, het 'n hoogtepunt in haar bydrae tot die Afrikaanse liefdespoësie verteenwoordig. Met *passies en passasies*, haar sesde bundel, wat in 'n aantreklike uitgawe in 2007 by Protea Boekhuis verskyn het, versterk sy hierdie bydrae verder, en verruim dit om ook op ander tematiese terreine iets wesenliks toe te voeg tot die Afrikaanse digkunsskat.

Blykens die bundel- en afdelingsmotto's is dit 'n spesifiek vroulike ervaring wat vooropgestel word.

Die *passies* van die bundeltitle slaan op die rykdom van haar liefdes: vir haar man en ander geliefdes; vir die Waterberg-kontrei waarin sy grootgeword het, asook vir die Boland waar sy tans woon; vir taal; vir die kunste; vir die baie alledaagse dinge wat die sinne verruk. Die *passasies*-deel sinjaleer enersyds die ryke intertekstuele spel (met filosofiese, literêre, musikale, skilderkunstige en ander werke, maar ook met literêre vorme soos die ballade, die slaapliedjie, die brief, die prieslied, ensovoorts) wat in die bundel gevoer word – byvoorbeeld in die talle vrye vertalings, verwerkings en voortdigtings op verse en liedere van diverse oorspronge wat voorkom. Op die vlak van die artistieke bemoeienis oorvleuel bogenoemde twee tematiese onderskeidingsvelde dus; 'n raakvlak wat ook al deur die alliterasieverband tussen die twee titelnaamwoorde aangedui word.

Trouens, so intens is die inspelings vanuit die verskillende artistieke velde (veral wat metafore uit die musiekwêreld betref) dat 'n mens hier en daar vir stilistiese verestetiseerdheid vrees. Vergelyk die volgende passasie uit die sewende vers van die reeks "voordragte e.a. sange", met as gedigtitel "soos al die oggende ...":

ons leef in ringe van jare met basviole

met tjello's en fluite leef ons uit elke seisoen
asem ons al die oggende van die wêreld in[.]

Maar die tweede titeldeel roep (via die betekenismoontlikheid van "oortog" of "reis" wat *passasie* verder het) ook die teendeel van die dikwels ekstatische belewenisse op: die bewustheid van verganklikheid en verval. Om hierdie rede dat, hoewel soveel beskrywe staan wat van lewenslus en -genot spreek, die bundel tog 'n sterk elegiese toonaard openbaar. Passie en sterflikheid staan bipolêr verbind. Soos die slot van die eerste van die reeds vermelde "voordragte e.a. sange" lui:

as die nagreis kom
dans jy die passasies van liefde

dans jy teen die droefnis in.

Die sangerigheid, oftewel die lieddaard van baie van die meermaals langerige verse in hierdie bundel, dra ongetwyfeld tot die elegiese "klank" daarvan by. 'n Reeks van vier "sleursange" besluit byvoorbeeld die bundel.

In die eerste bundelafdeling, getiteld "die omsingelde huis", word waarnemings en belewings verwoord van vroue wat deur verskillende dinge as 't ware beleër word: deur die blik van die (manlike) kunstenaar; deur haar afslowende dagtake as moeder en vrou; deur geweld, dood en wanhoop; deur modieuse sienings van die rol van die hedendaagse vrou; ensovoorts.

Sekere gedigte hier bied ook 'n onthullende, ontluisterende selfblik deur die subjek. In die sestienjarige "snitte uit 'n oggend", gebou op basis van die klankbaan van die kunsfilm *Tous les matins du monde* ("al die oggende in die wêreld"), word byvoorbeeld op boeiend poëtiese wyse verslag gedoen van 'n kunstenaar (Joubert is 'n kunsskilder) se vroegoggendervarings. Via die musiek wat sy beluister en dit wat sy tussendeur sintuiglik ervaar, asook deur wat sy lees, onthou, oor nadink en haar verbeel terwyl sy haar was, voed en klee, stroom groter wêreld haar persoonlike bestaan binne – totdat die laserskyf ontnugterend deurgespeel het en sy haar dagtaaklysie aflees "soos 'n voetspoor vir die dag".

Iets wat my aan die raai het in dié reeks, is dat daar wel 'n voorlaaste gedigtitel voorkom ("15. Muzettes 1–11") – maar dan sonder enige gedigteks. Het dit iewers langs die pad na persklaarmaking verlore geraak? Het die digter nie iets gehad om onder hierdie titel (wat, soos die ander titels, verwys na 'n musieksnit op die laserskyf wat die klankbaan van die betrokke film bevat) te skryf nie? Hoekom dan die betrokke titel enigins in die gedigreëks opneem?

Die tweede bundelafdeling (“passies”) bevat hoofsaaklik (Hoogliedagtige) huweliksgedigte, meermale geïnspireer deur werk van die Joodse digter Yehuda Amichai, maar ook verse oor ander geliefde mans in die digteres se lewe (haar oupa en pa, ander minnaars, ’n vorige eggenoot). Soms doen dié pragtige liefdesverse simbolisties aan in hulle klank-, kleur- en beeldweelde, en oorstyg hulle die verstandelik-logiese. Slegs hier en daar word die beeldeenheid myns insiens as gevolg van hierdie weelde ietwat troebel. Vergelyk die volgende uit die gedig “droogvoets” (ten spyte daarvan dat die katedraal-, wynvat- en rivierbeelde vroeër in die gedig aangevoer word):

[...]
en om hulle vir ewig katedraal en dig te hou
verkies hy selibaat te wees die allure
van ’n huwelik slegs teen mure uitgeklok:
alle seisoene ’n geraamde portret

totdat sy alles herskommel
kind vat
huis vat
mank
uit die vate rol

om ook hierdie rivier met sy geheiligde sand
droogvoets oor te steek[.]

Afdeling III (“winterbriewe e.a.”) bevat klaag- en verlangverse oor en na vriende, kinders en mededigters, en handel telkens oor afskeid, skeiding, ontbering, vergetelheid of verganklikheid. Eensydig somber is dié gedigte egter nie. Lees maar hoe die digteres die draak steek met haar werk as boekhouer! (Soos voorheen vermeld, was Joubert betrokke by die bedryf van die Protea Boekwinkel op Stellenbosch; sy help ook met die reëlings rondom die Versindaba wat jaarliks aldaar plaasvind.) Ek haal ’n strofe of drie uit die gedig “een plus een ...” ter illustrasie aan:

[...]
niks te sê nie.
maar ek luister na Chopin.

ja, dit doen ek wel
met my boekhouerkop –
sy nokturnes minuskule kwiltstekies
wat fakture en kwotasies netjies inklavier
wat my dag se *payments* so perfek laat klop.

o luister na die ligte
kasregisters van Chopin!

Die slotafdeling, "sleursange" (verkeerdelik "III" genommer!), bevat weer eens hoofsaaklik liefdesgedigte, maar nou in meer opvallend liedagtige gedaante. Dié afdelings-titel ('n nuutskepping deur Joubert) roep iets van die aard van sakrale (psalmodiese) sange op, en dui op die huldiging van die liefde of op die beswering van die liefdesbedreigende magte wat in hierdie gedigte verwoord staan.

[*Plassies en passasies* is ongetwyfeld Joubert se uitmuntendste digterlike prestasie tot dusver. Dis 'n omvangryke bundel wat talle en talle pragtige gedigte bevat. Anders as in haar vorige bundels, is slegs hier en daar (miskien) 'n valse woordkeuse of 'n beeldtroebelheid aan te stip. Sy verwerf myns insiens hiermee 'n aansienlike statuur as 'n Afrikaanse digter van meer as net mooi liefdesverse.

5

Die digterlike potensiaal wat in Cas Vos se vorige drie digbundels sedert sy debuut in 1999 geopenbaar is, bereik myns insiens in *Die afdruk van ons hande* die vlak van afge-werktheid wat dit verdien.

Hierdie jongste gedigversameling deur die Pretoriaanse teoloog munt nou tref-fend uit deur die verlewige gebruik van geysde en idiomatiese uitdrukkings, asook van sitate uit alombekende tekste soos die Bybel en die Liedboek van die Kerk wat 'n mens stuk-stuk in sy vorige bundels leer waardeer het. Tesame met 'n on-ontwikkelde klankgevoeligheid en 'n vindingryke beeldsprakigheid word 'n stilistiese frisheid bewerkstellig wat meesleurend is.

Ter illustrasie die derde gedig uit die slotreeks van die derde bundelafdeling, waarin die slopende en vernietigende kragte en gebeure wat op die mens inwerk, of wat deur hom veroorsaak word, in die kollig staan.

Vryval

Poetry is a religion with no hope
– Jean Cocteau

In sy omswerwinge loop hy
'n virus in 'n klam skoot raak,
berg dit in sy binneste.
Daar groei 'n donker oog in hom
wat die laaste dae se skadu's kouer
oor sy voete en hande sien skuif.

Bedags oes sy maer vingers gedigte,
maar terwyl ure vervloei, klou hy bibberend
aan die pes se rug in 'n grys stroom.

Die dood spelend op sy skoot,
sit hy voor 'n venster, kyk hoe 'n vlag
die woorde japtrap en verstrooi.
Van liefhê sien hy lewe dwarrel
in die donker, lig soos kaf.

In gevalle soos dié werk die (byna speelse) taal- en poëtiese vernuf mee om die patosgeladenheid van die onderwerpmateriaal te relativeer; om dus 'n bepaalde afstandname ten opsigte daarvan in die hand te werk – met die verrassende gevolg dat die menslike broosheid en onmag juis sterker geopenbaar staan.

Nog 'n voorbeeld uit dieselfde afdeling, naamlik 'n gedig wat 'n bietjie lyk op 'n onvolledige ("gewonde"!) sonnet, maar wat tog iets van die 'onvermydelikheid' van die opbou en afloop van daardie gekte vorm behou:

Gewonde

Om uitbundige pyn span 'n verband;
sy skraal boude weerloos ontbloot.
Hy kyk diep in die oë van die dood:
uiteindelike, onweerstaanbare vyand.

Die wond in sy ribbekas
markeer suig-suig die hart se pas;
priesterpraatjies moet hom troos,
maar wat hy wil hê, is redeloos.

Hy wag sy oomblik af as prooi
om in die omhelsing van sy jagter te ontdooi.

Soos in sy vorige bundels kom gedigte met sulke eindrympatrone en reëlmatige strofebou spaarsamig voor, maar die verse vertoon nogtans 'n vormlike beheersdheid wat inderdaad "klassiek" aandoen (soos in die uitgewersbrief opgemerk word).

Die afdruk van ons hande bevat vier ongetitelde afdelings. In die eerste staan, soos voorheen in Vos se oeuvre, die teenstellings van beproewing, lyding en versugting aan die een kant, en die moontlikhede tot verlossing, bevryding en begenadiging aan die ander kant, gejukstaponeerd. Die openingsgedig, waarin die seisoene as 'n "lang-beenmeisie" voorgestel word wat "volkleur ingewaai" kom om uiteindelik "skadu-

wees se stukkende maskers / in die leë balsaal van die jaar” agter te laat, is ook ’n gepaste inleiding tot die bundelgeheel, waarin verydeling uitstaan op tematiese vlak.

In die tweede afdeling is verbeelding en illusie, byvoorbeeld ter aanvulling van tekortkominge in die werklikheid, asook die menslike sienings van en verwagtinge aangaande magiese en goddelike kragte die drade wat die gedigte aaneenvleg. Die tematiek van die derde afdeling, waaroor reeds iets gesê is, betref wat ’n mens sou kon beskryf as die verskeidenheid vorme van skending of gewelddoening waaraan die mens onderworpe of skuldig is: oorlog, stadsbesoedeling, kolonialisering, verhoudingsverbrokkeling, seksuele uitlokking en uitspattigheid, verganklikheid en verval ... Hier en daar word hoop, liefde en selfs poësie en die musiek as teenvoeters hiervan gestel – al het dit dan net ’n vlietende uitwerking, soos reeds in die inleidende parodie op Breyten Breytenbach se “Allerliefste, ek stuur vir jou ’n rooiborsduif” gesuggereer word:

jy moet altyd weet, liefste, van my liefde
soos van vlerke wat oor jou flapper –
hoe vlug van hart tot hart dit is.

Die bundeltitle slaan dus op sowel die menslike doen en late as die menslike kondisie: hoofsaaklik ontluisterend deurtrek van paradokse en ironieë.

Afdelings vier en vyf sluit by die titelgewe aan deurdat dit gedigte bevat wat gebaseer is op antieke Sumeriese en Griekse mitologiese vertellings – daardie eg menslike voorstellings van onbegryplike natuurkragte en goddelike magte.

Vos se voortreflike benutting van die stylgrepe wat aan die begin van hierdie bespreking te berde gebring is, sorg dat hierdie mitologiese omsettings as ’t ware tuis kom in die Afrikaanse idioom, onder meer deur Bybelse uitdrukkings naatloos met die taal van die antieke ‘heidense’ geskrifte te verweef. Veral die digterlike bewerkings van stukke uit die Gilgamesj-epos (die “Uruk-fragmente”) verdien lof.

Volkome vry te spreek van kritiek is hierdie vierde bundel van Vos nié. Ek reken dat veral die twee mitologies geïnspireerde gedigte van afdeling vier dalk nog plekplek prosaïes en verstandelik aandoen – laasgenoemde omdat, soos meermale voorheen in Vos se oeuvre, te veel aanspraak gemaak word op die voorkennis van die leser. (Vandaar dat ’n relatief uitgebreide lys van verklarings, onder die hofie “Toegange”, aan die einde van die bundel verskyn.) Voorts sou vraagtekens oor enkele woord- en beeldkeuses geplaas kon word (hoe moet ’n mens jou byvoorbeeld voorstel dat ’n menselyf “verbrokkel [...] tot skerwe”?), terwyl die soort lompe woorddoortoligheid wat dikwels in Vos se vorige werk voorgekom het, ook nog die slot van die gedig “Marsias” ontsier:

Bloed benat die vrugbare aarde
wat ’n stroom van trane laat vloei
in donkerdiep donker ondergrondse are.

Die punte van (moontlike) kritiek weeg egter glad nie op teen die rykdom aan voor-treflikhede wat *Die afdruk van jou hande* kenmerk nie. Ook die uitgewer moet gelukge-wens word met 'n mooi hardebanduitgawe, kompleet met skutbladillustrasies én gehegte bladwyserlint om dit 'n 'klassieke' voorkoms te gee.

6

Trienke Laurie het met haar drie vorige bundels sedert 1997 veral verdienstelike by-draes gelewer tot die Afrikaanse natuur- en religieuse poësie, hoewel die intieme belydenisse van haar belewenisse rondom haar moeder se dood in *Uitroep* (2001) ook in 'n aantal aandoenlike verse gestalte gekry het.

Met *Sonskyf* bou sy voort op die natuur- en religietemas. Sy brei op laasgenoemde uit deur, in die afdelings "Songod" en "Soveel onder die son", aspekte van die an-tieke Egiptiese en die tradisionele inheemse Suid-Afrikaanse geskiedenis, gods-dienste, mitologieë en kulture te betrek. Soos in haar vorige bundels word wetenskap-like en kulturele kennis eintlik in diens gestel van die religieuse beleving, waar beide soorte kennis, veral tesame, 'n sin vir die wonderbaarlike moet stimuleer. Die bundelitelkeuse hang hiermee saam. Die religieuse inhoud van dié woord word uit die gedig "Die eenman-god" duidelik:

[...]

Amenophis kies Aton, die sonskyf,
om die goddelikheid te omskryf.
Hy hernoem homself Achnaton:
Hy wat die son dien – die hemelskyf
wat so blink van heerlijkheid [...]

Laurie demonstreer sodoende, op die spoor van iemand soos T. T. Cloete, dat kennis die estetiese ervaring kan verryk en verhewig. 'n Toon van verkneukeling kenmerk derhalwe dikwels die uitbeelding van die dinge, byvoorbeeld in die openingsafde-ling "Sonbesie" met sy gedigte oor fauna en flora. Laurie se kommer oor die impak van die mens se bedrywighede en leefwyse op die natuur tree ook in hierdie afdeling na vore, byvoorbeeld in die volgende gedig:

Ertjiesop

Vandag lyk die see pure snert,
dik van dweil wees,
van poetsvrou wees
– deurmekaar geskommel –
verstop met
tandeborsels en 'n gebreekte kam

uit riole gestort,
'n stukkende bak van plastiek,
'n koeldrankblik met strooitjie,
vislyn wat meeu en seeskilpad verstrik.
Sy frommel die rommel in 'n ballas,
tjorts dit peristalties
golf na golf terug na die strand.
Sy proes met skuimende mond:
Dè, vat terug, hou julle stront!

Dit is meermale interessante stof waarmee Laurie werk, maar sy gaan ongelukkig selde werklik nuut- of wonderbaarlikmakend daarmee om. Té dikwels, méér nog as in haar vorige werk, steek die benutting van die natuur- en kultuurhistoriese kennis in hierdie nuwe bundel van haar vas in anekdotisme of inligtingsoordrag; of doen sulke verse lerend en lesingagtig aan, selfs (afgesaag) moraliserend. Laasgenoemde blyk veral uit die twee afdelings waarin die religieuse beleving duidelik voorop staan, naamlik "Songod" en "Sonkolom". Daarby is die styl dan alte prosaïes-retories. Vergelyk maar net die slotstrofe van "Luther": "Toe een aand by die lanternlig / snap hy opeens: Paulus praat / van die geregtigheid van God. / Christus gee aan jou die reg, besleg jou saak met Hom. / Sonder weeg of afmeet vergewe Hy: / die uitgediende py word afgerol, / jy word bedek met nuutwit wol."

Die ander kant van die verslete munt is dat Laurie in haar verkneukeling oor die natuurdinge, of by die aanskoue van die skeepswrakke (uitgebou tot beelde van menslike nietigheid voor die natuurkragte) in sekere van die gedigte in die afdeling "Roes", haar besondig aan uitspattige klank-, woord- en beeldspel. Die resultate is dan dikwels bombasme (meermale benadruk met retoriese vrae en uitroepe) en sintaktiese en beeldtroebelhede.

Nee, *Sonskyf* is nie 'n toevoeging mét gehaltegroei tot Laurie se oeuvre nie; intendeel. Net enkele kere nader sy die beheersde en treffende sprekendheid van die beste werk uit haar vorige bundels, byvoorbeeld in 'n gedig soos die volgende uit die kunsbeskoulike afdeling "Lens":

Siek windhond

Na 'n Griekse beeldhouwerk

Téén die geïdealiseerde beeld
van die klassieke tydperk,
met kurwes perfek gerond
en spiere gesond en bultend,
reageer laat-Helleense kunstenaars
en teken of beeldhou aan die werklikheid getrou

by uitstek die onmoëie – 'n bejaarde
vol ploëie – vertolk selfs die verwronge.

Tog, juis in die leepoë
van die siek windhond –
die uitsteekribbes,
die traag opgeligte voorpoot,
die agterpote wat hoekig vanuit skraal heupe stoot –
uit die hond se ganse houding
smeeke daar iets, tjank daar
'n tjank van 200 voor Christus
tot nou.

Bronnelys

- Breytenbach, Breyten. 2007. *Die windvanger*. Kaapstad & Pretoria: Human & Rousseau.
- Cloete, T. T. 2007. *Heilige nuuskierigheid*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Esterhuizen, Louis. 1996. *Die onderwaterweg*. Kaapstad & Johannesburg: Human & Rousseau.
- _____. 2001. *Opslagsomer*. Kaapstad, Pretoria & Johannesburg: Human & Rousseau.
- _____. Louis. 2004. *Liefland*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Goosen, Jeanne. 2007. *Elders aan diens*. Parklands: Genugtig! Uitgewers.
- Greeff, Rachelle. 2007. (Nuweling) digters laat jou anders kyk. [Resensie: *Versindaba* 2007.] *Rapport-Perspektief*, 9 September.
- Gruwez, Luuk. 2007. *Bandelose gedigte 1977-1990*. Vertaal: H. P. van Coller. Pretoria: Praag.
- Joubert, Marlise. 2001. *Lyfsange*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Laurie, Trienke. 2001. *Uitroep*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Naudé, Charl-Pierre. 2004. *In die geheim van die dag*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- _____. 2007. *Against the light*. Pretoria: Protea Book House.
- Odendaal, B. J. 2006. Tendense in die Afrikaanse poësie in die tydperk 1998 tot 2003. In H. P. van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis, deel 3*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers, 105–48.
- _____. 2007. *Onbedoelde land*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- Protea Boekhuis. 2007. Uitgewersbrief by die verskyning van *Versindaba* 2007. 31 Augustus.
- Rilke, Rainer Maria. 2007. *Duineser Elegien / Duino-elegië*. Vert. H. J. Pieterse. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Stassen, Nicol. 2005. Harry Potter en die laaste Afrikaanse digter. In Louis Esterhuizen (samest.). *Versindaba* 2005. Pretoria: Protea Boekhuis, 8–9.
- _____. 2006. Voorwoord. Die tweede hekkie. In Marlise Joubert (samest.). *Versindaba* 2006. Pretoria: Protea Boekhuis, 9–10.
- _____. 2007. Voorwoord. In Marlise Joubert (samest.). *Versindaba* 2007. Pretoria: Protea Boekhuis, 7–8.
- Steyn, Johan. 2007. *Geboorte is 'n ongerief*. Pretoria: LAPA uitgewers.

Marius Crous Review article

Marius Crous is a language practitioner at the Parliament of South Africa. His debut collection of poetry *Brief uit die kolonies* (Protea Book House, 2003) received the RAU award. He holds postgraduate degrees in Literary Theory and English as well as a doctorate in Afrikaans and Dutch.
E-mail: mcrous@parliament.gov.za

Three diverse collections

